**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 4 DESEMBER 2012 OM 14:00**
**IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 11/2012**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed geopen deur Livinia Lunow waarna al die lede welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Frik Nel | | Reebokhoogte / Bewarea |
| Leon Kruger | | Reebokrif |
| Des Muller | | Riverside |
| Terrie Terblanche | | Riverside |
| Dawid Erasmus | | Tergniet |
| Mike Wray | | Tergniethoogte |
| George Nezar | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Dorothy Barnard | Sekretaris/Tesourier/Notuleerder | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Bertie Supra | Munisipaliteit |
| Abdul Coleridge | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur met die volgende wysiging:

Item 4.10: Koraalsingel 42 moet wees Koraalsingel 43.

Voorgestel en gesekondeer deur mnre Leon Kruger en Dawid Erasmus.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **4.1** | **Wykskomiteevergadering – Wyk 5 (13 November 2012)** | |
| | Volgens munisipale rekords word Dawid Erasmus aangedui as verteenwoordiger op die Wykskomitee vir die Belastingbetalersvereniging. Weens buitengewone omstandighede is Dawid nie meer beskikbaar om as area verteenwoordiger te dien nie. As Wykskomiteelid word hy dus outomaties gediskwalifiseer. Die Vereniging kan nie outomaties 'n lid uit die vergadering herkies nie en moet dit in samewerking met Raadslid Gerber gedoen word. Dawid sal tot die algemene jaarvergadering beskikbaar wees om te help met skoonmaak van erwe. | |
| | Lede word versoek om nominasies aan die Voorsitter deur te gee. | Lede |
| | Kruger de Wet en George Nezar het ook as Wykskomiteelede bedank. | |
| **4.2** | **Bewusmakingsveldtog deur lede** | |
| | Met die vakansieseisoen op hande word lede versoek om inwoners van die webtuiste bewus te maak. | Lede |
| **4.3** | **Onregmatige handel in Impalaweg** | |
| | George het op 30 November 'n skrywe aan Naudé Viljoen gestuur oor die onregmatige handel deur inwoners van Langenhovenstraat 23, Reebok. In antwoord op die skrywe het mnr Viljoen ons in kennis gestel dat daar teen die inwoners opgetree is en dat verskeie van die munisipale afdelings by die aangeleentheid betrek is omdat verskillende regulasies geld. | |
| | Bertie meld dat Abdul ook reeds 'n kennisgewing oor die ongemagtigde struktuur op die inwoners bedien het. Die aangeleentheid sal gemonitor word. | Abdul / Bertie |
| | Die munisipaliteit moet versoek word om 'n lys van alle sake wat by die Regsafdeling hangend is te verskaf met afhandelingsdatums. Gereelde terugvoer oor vordering moet ook versoek word. | Dorothy |
| **4.4** | **Toiletgeriewe in die gebied** | |
| | Frik Nel word versoek om 'n skrywe op te stel oor beskikbaarstelling van publieke geriewe vir werkers wat die area skoonmaak. | Frik |
| **4.5** | **"Kleinbraktuintjie" by T-aansluiting op R102 (Louise Boshoff)** | |
| | Die Munisipaliteit se Parkeafdeling moet versoek word om die Yucca wat onlangs aan die linkerkant van die Aalwyne geplant is, uit te haal. | Rozain |
| **4.6** | **"Body Corporate" – Reebokrif (Frans de Graaff)** | |
| | Leon sal Frans se versoek hanteer en terugvoer gee. | Leon |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 4.7 | **Rivierwal stabilisering: Erf 239, Klein-Brakrivier** | |
| | Die vergadering neem kennis van dokumentasie wat van Andrew West ontvang is oor stabilisering van die rivierwal. | |
| | Charl word versoek om die dokumentasie dringend deur te werk om te bepaal of die roete wat aanbeveel word voldoende en korrek is. | Charl |
| 4.8 | **Gesamentlike Beplannings- en Reëlingsvergadering – 6 November 2012** | |
| | Die vergadering neem kennis van reëlings vir die komende vakansieseisoen. Vuurwerke is onwettig en lede word versoek om oortreders aan die Verkeersdepartement te rapporteer. Haal af. | Lede |
| 4.9 | **Kersboodskap – Voorsitter** | |
| | Die vergadering neem kennis van die voorsittersboodskap. Verwys na Bylae A. Haal af. | |
| 4.10 | **Straatnaam – Tergniet** | |
| | 'n Versoek word gerig dat die gedeelte van die pad tussen Impalaweg en die R102 (Sorgfonteinpad) duidelik met inligtingstekens gemerk word. Anton sal dit met Raadsheer Smit bespreek. | Anton / Kallie |
| 4.11 | **Hersonering van Landbougrond** | |
| | Die vergadering neem kennis van die nuwe publieke deelnemings-proses wat deur Sharples hanteer word en dat die datum vir insette 13 Desember is. Omdat die aangeleentheid baie omvattend en dringend vir inwoners in die gebied is, sal 'n vergadering op 10 Desember – 17:00 by Gleniqua se kantore plaasvind om dit verder te bespreek. | Lede<br>10 Des 2012 |
| 4.12 | **Kragkaste in woongebied** | |
| | Kragkaste wat nie gesluit is nie, is gevaarlik. Kruger het reeds 'n skrywe aan William Olivier gestuur waarop geen terugvoer ontvang is nie. Anton onderneem om die saak met mnr Olivier te bespreek en terugvoer aan lede te gee. Haal af. | Anton |
| 4.13 | **Mobiele krag** | |
| | Dit is onseker wat die kwalifikasie "nuwe gebruiker" is. Inwoners wil ook weet waarom hul bankbesonderhede verskaf moet word. Rozain word in haar afwesigheid versoek om navraag te doen. | Rozain |
| 5. | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| 5.1 | **R102 - Versperring van sig by uitgange** | |
| | Werk is in proses. Alhoewel gras/bosse in die hele gebied gesny moet word, word daar as gevolg van te min arbeiders op toegange gekonsentreer. | Anton |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Frik meld dat die Munisipaliteit aansoek by Eden Distriksmunisipaliteit doen vir wetstoepassing en vra waarom hulle nie dieselfde kan doen om toestemming te vra sodat hulle kan help met oopsny van sykante op die R102 nie. Anton sal 'n brief aan die Munisipaliteit stuur met die versoek. | Anton |
| | Die vergadering neem kennis van spoedlokvalle wat nie aan wetlike vereistes voldoen nie. Rozain sal dit met mnr Naudé Viljoen opneem. Staan oor. | Rozain |
| | **Skoonmaak van sypaadjies in die gebied:** Geen insette is van lede ontvang nie, dus word aangeneem dat daar nie probleemgevalle is nie. Haal af. | |
| 5.2 | **Terugvoer oor Munisipale komiteevergadering van 21 November 2012** | |
| | Die vergadering was baie kort en weens chaos verdaag. | |
| 5.3 | **Webtuise vir die Vereniging** | |
| | Sien item 4.2. | |
| 5.4 | **Collab – terugvoer oor onafgehandelde sake** | |
| | Probleme wat gerapporteer is geniet aandag. Die saak was ook met die administrateur van Collab bespreek. Haal af. | Rozain |
| 5.5 | **Algemene Jaarvergadering – 17 Desember 2012** | |
| | Alle dokumentasie soos bespreek sal opgestel en gefinaliseer word. Lede wat nie vir 'n volgende termyn beskikbaar sal wees nie is Dawid Erasmus en George Nezar. | Dorothy/Anton |
| 5.6 | **Boustandaarde / Riglyne** | |
| | Die vergadering neem kennis van Bertie se terugvoer oor oprig van klein bouwerke (tydelike strukture). Die algemene riglyn is dat dit nie groter as 10 vierkante meter moet wees nie. Dit mag ook nie op die boulyn wees en moet nie aanstoot gee aan bure nie. Planne moet vir afwykings ingedien word. Haal af. | |
| 5.7 | **Powertown - Snelgroeiende aanwas van strukture** | |
| | Die vergadering neem kennis dat die saak op baie hoë vlak bespreek word. Sit op aktiwiteitslys vir Julie 2013. | Dorothy |
| 5.8 | **Koraalsingel 43** | |
| | Met verwysing na twee skrywes aan die Munisipaliteit (Collab 86752 - 11/10 en 881701 - 15/11) meld Abdul dat hy die perseel op 12 Oktober 2012 besoek het. Vordering is soos volg: | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | • Die eienaar het 'n nuwe plan ingedien vir oorweging.<br>• 'n Kennisgewing om die erf skoon te maak is op 3 Desember op die eienaar bedien. Kennis vir skoonmaak is normaalweg 14 dae maar weens die vakansie seisoen mag dit langer wees.<br>• Die Munisipaliteit monitor die aangeleentheid. Indien geen samewerking ontvang word nie sal die saak aan die Regsafdeling oorhandig word. | |
| 5.9 | **Verwydering van boumateriaal en rommel op sypaadjie in Reebokrif** | |
| | Bakstene is na binne die erf in Rooiboklaan verskuif. Bouplanne is goedgekeur en bouwerk sal nou in aanvang neem. Haal af. | |
| 5.10 | **Bewoning van motorhuise / invloeibeheer** | |
| | Adresse van oortreders moet aan die Bou-inspekteur verskaf word sodat ondersoek ingestel kan word. | Lede |
| 6. | **PROJEKTE** | |
| 6.1 | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Word deurlopend gemonitor. | Frik |
| 6.2 | **Skoonmaak van erwe** | |
| | Geen ernstige probleme nie. Johann Muller sal die portefeulje toekomstig hanteer. | Johann Muller |
| 6.3 | **Rampbestuur** | |
| *6.3.1* | ***Ramp Risiko-verminderingplan vir Groter Mosselbaai*** | |
| | Risiko's in gebiede is bepaal en word dit op 29 November finaal aan die Raad voorgelê waarna 'n proses van publieke deelname sal volg. Staan oor weens Gibo se afwesigheid. | Gibo |
| *6.3.2* | ***Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan*** | |
| | Des meld dat hy 'n positiewe vergadering met mnr Johnson gehad het en dat 'n opvolgvergadering op 7 Desember sal plaasvind. | |
| 7. | **FINANSIES** | |
| | Honorarium van R4 000 vir die Sekretaris/Tesourier/Notuleerder word vir 2012 goedgekeur. | |
| | Banksaldo is R15 258,42 en kontant voorhande R293,44. | Dorothy |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 8. | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Daar was inbrake by 5 huise in die Midbrakgebied. | |
| | Johann Muller versoek lede weereens om die teenwoordigheid van onbekende persone in die gebied aan die Polisie te rapporteer. | |
| 9. | **BEWAREA** | |
| 9.1 | **Inligtingskantoor by Klein-Brakrivier** | |
| | Terugvoer is van die Munisipaliteit ontvang maar weens hoë koste en eise wat gestel word, stel Bewarea nie meer belang in oprig van so 'n kantoor nie. Haal af. | |
| | Frik bedank die Vereniging vir die skakel op die Vereniging se webtuiste. | |
| 10. | **PLAASLIKE SAKE** | |
| 10.1 | **Fraaiuitsig** | |
| | Charl sal September se rapporteringsverslag teen terugvoere reeds ontvang nagaan. Haal af. | Charl Coetzer |
| 10.2 | **Klein-Brakrivier** | |
| *10.2.1* | ***Parkeerterrein naby Treinbrug in Beyersstraat*** | |
| | Terugvoer van die Munisipaliteit is dat die Siviele afdeling nie kennis dra van enige konstruksiewerk nie. Haal af. | Rozain |
| *10.2.2* | ***Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea*** | |
| | Nog nie herstel nie. Rozain sal weer opvolg. | Rozain |
| 10.3 | **Reebok** | |
| *10.3.1* | ***Noord van die spoorlyn*** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| *10.3.2* | ***Suid van die spoorlyn*** | |
| | Geen probleme nie. | |
| 10.4 | **Reebokhoogte** | |
| | Geen verdere sake vir bespreking nie. | |
| 10.5 | **Reebokrif** | |
| | Geen verdere sake vir bespreking nie. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **10.6** | **Riverside** | |
| ***10.6.1*** | ***Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea*** | |
| | Die aangeleentheid is nog in 'n onderhandelingsfase. Indien geen terugvoer ontvang word nie sal Anton dit met mnr Puren opneem. | Anton |
| **10.7** | **Tergniet** | |
| | Gate in pad is herstel. | |
| **10.8** | **Tergniethoogte** | |
| | Inwoners kla oor mis van beeste van C-Plaas. | |
| **11.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| | Ter afsluiting meld Anton dat die Vereniging 'n A politiese vereniging is en dat sy lojaliteit by die Vereniging is en bevoordeel dit geen van sy ander portefeuljes nie. Hy streef daarna om sy beste te lewer aan die gemeenskap en het geen verskuilde agendas nie. | |
| **12.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal op Dinsdag, 5 Februarie 2013 - 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind. | |
| **13.** | **VERDAGING** | |
| | Die vergadering verdaag om 16:00. | |
| | DOROTHY BARNARD<br>**NOTULEERDER** | |
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 1/2013 GEHOU OP 5 FEBRUARIE 2013. | |
| | ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |

Voorsitters Kersfees Boodskap,

Kollegas en gaste, dit bring ons aan die einde van 2012; 'n jaar gekenmerk deur uitdagings, harde werk en vele sukses stories.

Ons het bekwame lede verloor nl Buks, Martin en Jaco.  Baie dankie vir die waarde wat julle toegevoeg het.  Dan het ons lede bygekry wat 'n ware aanwins is, nl Johann en Lavinia.  Dankie aan almal vir jul onbaatsugtige toewyding, tyd en lojale dienslewering wat van hierdie vereniging 'n sukses gemaak het tydens 2012.  Ons dank en waardering aan al die gades vir hulle opofferings en ondersteuning. Vanuit all oorde ontvang ek komplimente oor die vereniging se betrokkenheid en prysenswaardige dienslewering.

Julle sal saam met my stem dat Dorothy 'n reuse deel het tot de vereniging se sukses. Baie dankie vir jou bekwame raakvat gedurende die jaar.  Sonder jou sou ons dit nie kon doen nie.
In die afwesigheid van die Raadslede en Rozain wil ek ook vir hulle baie dankie se vir hulle bydrae.  Ek, Mike en Dawid kan getuig van wat hulle alles moet deurmaak tydens die bywoning van die raadsvergaderings.

Bertie en Abdul, julle is twee staatmakers in die bydrae wat julle lewer.  Dankie daarvoor.

Ek wil u almal graag uitnooi om volgende jaar net soveel energie in te sit en saam hande te vat om 2013 'n sukses te maak.  Julle is 'n wenspan.

Graag wens ek u en u gesin 'n geseende Kersfees toe.  Mag die Here met u seen en beskerm.  Geniet elke kosbare oomblik saam met u geliefdes.